Wie sê die Bybel is reg?

Hoe kan ek die Bybel verstaan?

MENS TOT MENS

☺ Vertel van 'n keer wat iemand jou erg misverstaan het.
☺ Hoekom kan mens nie sommer in die middel van 'n gesprek wil inkom en dadelik jou opinie lug nie.
☺ Wat is die moeilikste boek wat jy nog gelees het.
☺ Hoe weet onderwysers wat die skrywer van 'n gedig bedoel het met wat hulle geskryf het?

MENS TOT GOD

♫ **Sing: Enige persoon se gunsteling lied.**
Lees as inleiding tot julle gebed Ps 113:1-6
Bid vir God se leiding in julle ontmoeting.

GOD TOT MENS

📖 Lees: Verskeie gedeeltes.

Inleiding:

In die Bybel sien ons God wat in en deur mense werk. Dit is als in teks vorm vir ons beskryf. Dele daarvan is prosa, ander is poësie, ander is geskiedenis en ander wysheidsliteratuur. Jy kan bv. poësie nie letterlik verstaan nie en geskiedenis nie metafories nie. ***Genre is dus belangrik.*** Daar is verder spesifieke situasies, maar dan is daar ook die groter prentjie en die breë boodskap van die Bybel. Met ***die groter prentjie*** in gedagte is dit makliker om die spesifieke situasies te verstaan en op jou lewe van toepassing te maak. Dit is nog altyd dieselfde God oppad met die dieselfde mensdom wat deur ***dieselfde Gees*** in jou werk waardeur die Bybel in die eersteplek geskryf is. Daarby staan als in die Bybel in 'n ***spesifieke konteks*** wat jou sal lei hoe om te verstaan wat jy lees. Jou basies sleutels: Genre, Groter prentjie, Heilige Gees, Konteks.

Bespreking:

Lees: Ps 18:1-16

- Wat is die genre van hierdie gedeelte?
- Wat beteken dit vir die verstaan van hierdie deel?
- Dink altyd in hierdie genre oor die metafore en wat dit probeer oordra. Bespreek bv. in vers 3,6,9,16
- Vra jouself of die metafore vir jou lewe waar is en of jy daarmee assosieer.
- Vra jouself hoe dit gebeur dat iemand so voel of God so sien.

Lees: Jesaja 9:5-6

- Indien mens die onmiddellike verse rondom v5,6 lees is die betekenis daarvan nie dadelik duidelik nie.
- Hoe speel die groter prentjie van die Bybel 'n rol om hierdie verse te laat sin maak?
- Wat is die kern boodskap van die Bybel waarteen mens moeiliker dele moet probeer verstaan?

Lees: Johannes 16:12-15; Joh 14:25,26;

- Watter rol speel die Heilige Gees as Jesus weg is?
- Hoe is daardie rol van toepassing op ons lees van die Bybel?
- Wat doen die Heilige Gees dan as jy Bybel lees?
- Wat beteken dit vir jou as die Een wat aanvanklik die Bybel geïnspireer het langs jou staan as jy dit ook lees?
- Waar/Onwaar: Om die Bybel en Bybelverse te ken is soos om jou magasyn te laai. Dit is dan daar wanneer die Gees daarmee wil skiet.

Lees: Ps 18:1

- Wat is 'konteks'?
- Watter rol speel dit in die verstaan van die Bybel?
- Hoekom word die konteks van die Psalm hier aangedui?
- Wat beteken dit as jy iets buite konteks gebruik?
- oe kan jy die konteks van bepaalde verse probeer verstaan?

MENS TOT MEDEMENS

☺ Hoekom dink julle God wil verstaan word?
☺ Wat sal help dat jy die Bybel al hoe beter kan verstaan?
☺ Wat is die verhouding tussen Bybel lees en gym toe gaan?
☺ Wat kan jy doen om die Bybel beter te leer ken?
☺ Wat is die verhouding tussen die Bybel, God die Heilige
Gees en jou lewe met uitdagings en probleme?

MENS TOT GOD:

🗣 Vra vir gebedsversoeke
🗣 Verdeel die versoeke en gee aan twee of drie persone geleentheid om te daaroor te bid.
🗣 Bid:
- 🗣 Ons loof U omdat U vir ons die Bybel en U Gees gee wat met ons praat.
- 🗣 Dankie dat U ons nie alleen wil los nie.
- 🗣 Dankie dat U ons wil lei
- 🗣 Jammer dat ons self baie keer die struikelblok is in ons groei.
- 🗣 Help ons asb om 'n honger te ontwikkel vir U Woord en dat ons dit al beter sal leer ken.
- 🗣 Gee ons deur U Gees insig in wat die Bybel leer en herinner ons daaraan deur die dag.



God se Groter Prentjie

In sy uitstekende oorsig oor die Bybel gee Vaughan Roberts die 'groter prentjie' van hoe verskillende dele van die Bybel by mekaar inpas onder die tema: Koninkryk van God. Elke hoofstuk dek 'n aspek van die Koninkryk en neem jou op 'n reis van Genesis na Openbaring.

"This is a book which encourages the reader to explore the Bible and to read it with confidence and understanding. It's full of illustrations that puts a mind map in your head"

Die boekie is glad nie dik nie en lees lekker maklik!

Bestel gerus @R75 by:
http://www.protestantbooks.co.za/special.asp

God se self-oopmaak/bekendmaak vanaf die Ou Testament na die Nuwe Testament is soos 'n **roos**. 'n Toe **roos** is 'n roos al kan jy nog nie die hele roos sien of verstaan nie. As die roos oop is, is dit nog dieselfde **roos** maar met 'n voller belewenis en begrip daarvan. ...En die oop roos gee jou weer nuwe waardering vir die toe roos.